Pretoria -28 Des 2014

Skriflesing: Lukas 1:67-80
Teks: **Lukas 1:78-79**
Sing- Ps. 48:4; Ps. 38:1,8; Ps. 86:1; Ps. 118:7

Luk 1:67 En Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:
Luk 1:68 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het,
Luk 1:69 en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg—
Luk 1:70 soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af—
Luk 1:71 redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat,
Luk 1:72 om barmhartigheidte bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink,
Luk 1:73 aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee
Luk 1:74 dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,
Luk 1:75 in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.
Luk 1:76 En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die Here uitgaan om sy weë reg te maak;
Luk 1:77 om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,
Luk 1:78 deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het,
Luk 1:79 om te skyn oor die wat in duisternis en doodskaduwee sit, om ons voete na die pad van vrede te rig.
Luk 1:80 En die kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees; en hy was in die woestyne tot op die dag van sy vertoning aan Israel.

Skriflesing: Lukas 1:67-80
Teks: **Lukas 1:78-79**
Sing- Ps. 48:4; Ps. 38:1,8; Ps. 86:1; Ps. 118:7

Kersfees en die einde van die jaar het 'n manier wat baie mense baie swaar laat kry. Dit is asof mense wat swaarkry dan nog swaarder kry. So al asof mens in 'n tang vasgeknyp voel. Nog weer het dinge wat ek graag wou verander nie verander nie. Nog weer het ek Kersfees kon vier en hier sit ons asof dit nie Kersfees was nie.

Dalk het dit te make met wat ons weet in ons elkeen se lewe aan die gang is. Ons het 'n begin en 'n einde. Alles wat hierbinne lê is gebaseer op wat ons kan noem ons tussentyd. In hierdie tussentyd is ek as mens elke dag aan twee dinge blootgestel, die natuur en die geskiedenis. Ja die natuur wat insluit my eie sondige menslike natuur. Tog is my sondige natuur verkleef aan my sterflike natuur.

Ons besef hierdie grenssituasie waarbinne ons sit. Die natuur en die geskiedenis bring dit van alle kante. Die geboorte en dood. Eenkant het dit gegaan om die geboorte van God se Seun, die

Lewe wat ons lewe ingekom het, wonderlik net hierdie vaste gebeurtenis, dat God het sy Seun Mens laat word. Ons het die geboorte kon vier, tog staan ons by nog ’n jaar weer verby. Nog ’n jaar wat begrawe moet word, ja kan ons dit noem die dood van nog ’n jaar wat ons nader bring aan die besef hoe beperk, hoe ingesluit, hoe donker kan hierdie lewe nie wees nie.

***

Die geskiedenis en die natuur bring beide onversierd en onbedek die werklikheid van my en jou verganklikheid en sterflikheid net duideliker en duideliker na vore. Mens sou vra dat kan ons moderne lewe nie maar die geskiedenis en die natuur ook moderniseer nie. Ons het soveel tegniese middele, dat dinge wat vandag moontlik is, was 100 jaar terug op geen manier ter sprake nie. Sou ons vir baie van ons voorouers die dinge kon wys wat vandag se tegniese middele ons in staat stel dan sou hulle dit glad nie kon verstaan nie.

Ja, die tegniese middele maak sekerlik die lewe veel aangenamer, in baie opsigte dalk baie makliker, maar tog ook baie gevaarliker. Dinge wat jou en my in hierdie moderne lewe in ’n gejaag plaas waaruit dit mag voel ek nooit hieruit kan ontsnap nie. Daarom dink mense en doen mense al hoe gevaarliker en gevaarliker dinge. Ja, al is alles hoe modern, ons sit in ’n sekere sin vasgevang in wat ’n man Sagaria baie jare terug besing het as ’n skaduwee, ons sit vasgevang in wat vertaal is as die duisternis en die doodskaduwee.

***

In die lied van Sagaria is die woordjie *sit* heeltemal in plek. Die geskiedenis en natuur maak dat jy hierin vassit, jy kan nie maar sommer loskom in wat jy mag voel ek sit vas in hierdie donkerte, ek sit vas soos ’n mens wat baie diep in ’n donker bos ingeloop het. Nou het Kersfees en Nuwejaar my die tussentyd ingewerp en ek wat voel dat ek weer tot myself moet kom. Ja Nuwejaar en Kersfees se tussengreep het gewoonlik baie te make met wat ek oor myself begin dink, wat maak ek met my lewe, waarheen is ek op pad, en baie keer mag dit voel ek is in hierdie donker bos en die pad om daaruit te kom is, is weg.

Oor baie dinge sal ons dalk dink maar ek kan my lewe verby sekere dinge skuif. Ek moet verbyskuif as dit kom by my selfgesentreerdheid, my egoïsme, my manier hoe ek andere en myself bedrieg. Ja, ons kan al die baie dinge noem wat ons lewe donker maak en op die einde is daar steeds in hierdie moderne lewe maar net een woord daarvoor, my sonde.... my sonde.

Die mooiste selfoon, modernste rekenaar, die vinnigste kar en die beste vakansie maak dat ek eintlik net meer en meer besef dat hoe belangriker die mens dink hy is, hy word eintlik al hoe meer self-gesentreerd, daarom word sy sonde en die geleenthede en die middele om sonde te doen net al meer en sterker en kom al meer verfyn na vore. Dit sal baie oppervlakkig wees om te dink dat al hoe meer tegniese middele, al hoe meer beskaafd die mens dink hy is, dat hy oor die toekoms van die mens en die wêreld op grond van ons beskaafdheid en tegniese kwaliteit van lewe, rede het om al meer optimisties te wees. Ons optimisme oor die toekoms van myself en die wêreld waarbinne ek is, kan beslis nie aan hierdie dinge gekoppel word nie.

***

Die natuur en die geskiedenis wat ons sy grense laat geld, laat ons besef ek moet die donkerte en doodskaduwee wat Sagaria besing nie onderskat nie. Ons sit daarin. Ja, werk dit nie maar soos iemand wat in ’n sandwoestyn of sneeuwoestyn verdwaald geraak het nie? Baie keer as so iemand opgespoor word, dikwels net sy liggaam want hy het gesterf, dan lê hy baie naby aan die plek waar hy begin verdwaal het. Die mens loop al meer en al meer net in sirkels. Vorder nie regtig nie, kry in hierdie verdwaal nie regtig rigting nie. Daarom as Sagaria praat van die wat in duisternis en doodskaduwee sit, dan is dit geen geringe gedagte nie, dit is iets wat oor ons almal uitgespreek is.

Die natuur en die geskiedenis, ons eie lewensverloop, ons lewensbegin, ons lewenseinde, ja wat ons ook genoem het, die tussentyd, agter dit alles moet ons vandag die werklike diepte van Sagaria se lied ons lewens laat indring. Hierdie pa van Johannes, die pa van die eerste Nuwe Testamentiese babatjie, die pa wat stom was omdat hy sekere wonderlike dinge wat God hom wou sê, nie wou glo nie, nou sing hierdie stomme pa... Hy besef jonk en oud, wie ek ook al mag wees, wit of swart, modern of oudmodies, vêr of naby, ons almal wat die doodskadu dra, dit is rondom ons gedrapeer, ons het God se stem, God se Woord, God se openbaring waarna geluister en waarna gekyk moet word.

***

Sittend in die doodskadu, kan word iets anders, heeltemal anders maar dan moet ek nie langer sit waar ek sit nie. Dit moet word ’n loop, ’n werklike beweeg na God toe. Sagaria praat van *om jou voete.... te rig ... om ons voete na die pad van vrede te rig.* Hierdie woorde in ons teks laat

ons veral besef die natuur en die geskiedenis staan nie alleen nie. God is daaragter. Geboorte en dood, die mooi dinge, maar ook die verskriklike dinge in die lewe, dit is nie ’n noodlot of toeval wat daarbinne geld nie, maar God werk in elke opsig. God is nie maar deel van die geskiedenis nie, maar God maak die geskiedenis. God maak Sy geskiedenis in en deur die natuur.

Buiten die feit dat natuur en geskiedenis met God daaragter staan, is daar die moontlikheid om van sit na loop te kom. God is ook daaragter. Dit is waaroor ons nog so opgewonde, so optimisties oor kan wees in die wete dat God ons die wedergeboorte skenk. ’n Geboorte van bó af, ’n geboorte uit God. Dit maak dat ons kan opstaan. Daardie somber beeld van mense in doodskaduwee kan word mense wat na die lig loop. Sagaria besing dit eintlik so mooi as hy sê *hulle voetstappe sal gerig word na die pad van vrede...* Daar is doelgerigtheid, daar is rigting en dit alles om in God se lig in te kom.

Sagaria besing dit in die volle lig. Hy sing van *die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het...* Ons kan dit saam met Sagaria bewonder hoe hier van geen gewoon aardse lig sprake kan wees nie maar is ’n lig uit ’n ander wêreld, uit die wêreld van God, die lig uit God Self. Dit raak al dieper want besing Sagaria dat die lig te doen het met *die innige barmhartigheid van onse God...* Om te praat van die innige barmhartigheid het die Hebreeus van die Ou Testament eintlik betrekking op wat te doen het met die ingewande... hierdie God wat uit sy ingewand uit, uit sy hart uit, uit sy diepste wese, hoe diep die innerlike van God is, kan geen mens hom/haar indink nie, maar uit die innerlike, uit die innigste barmhartigheid van God, het Hy sy hart vir ons oopgemaak, die Lig het van daar oor ons gekom.

Hy wat waarlik weet hoe begrens, hoe benard, hoe donker, hoe dodelik die lewe is, sy hart het Hy vir ons in ’n krip kom neerlê. Die Kindjie wat in die krip lê is waaroor dit in hierdie tyd vir ons gegaan het, maar ten diepste as ons van hierdie krip die wêreld weer moet ingaan dan gaan dit oor God Self wat na jou en my gekom het en sy hart het al meer en meer moes breek. In Christus wat vervloek moes word, Hy wat gekruisig is, aan die Kopbeenplek het die lig ten volle oopgebreek, maar dit sou duisternis wees wat vir drie ure oor daardie kruis kom hang het. Helder oordag, 12 uur die middag toe het Christus in die duisternis, in die doodskaduwee gekom waar

ons moes sit. Daar het Hy wat mens moes word die volle toorn van God kom dra, die vloek waaraan niks en niemand kon loskom nie, die begrensing van ons tussentyd het Hy ingegaan, Hy het die dood ingegaan dat daar weer lewe kan wees waar die dood nie meer heers nie.

Ons kan nie net na hierdie lig loop nie, ons moet dit eintlik baie sterker stel, mag dit wees dat u oploop gaan met hierdie lig van God. En as ons oploop gaan dan is ons oploop om ons voete na die pad van vrede te rig. Hierdie vrede is iets so wonderlik maar eintlik ook iets so moeilik om dit te probeer beskryf. Daar waar ons uit die tang van donker en dood kan loskom, uit die benoudheid van sonde en gerig, uit die angste van die hel wat ons laat bewe, daar beweeg ons die lig binne en daar is vrede.

Broeder en suster, hoe moet ons nie hierna smag nie. Vrede in sy volle trekke. Daar is dan vrede tussen God en my. Hoe wonderlik om God se vrede oor jou en my te mag ontvang. Ons is vrygemaak van die dinge waarmee die natuur en die geskiedenis ons mee beangs kan maak. God hou my vas en Hy versorg ons, al kom daar weer duisternis, al voel dit ek sit weer in die doodskaduwee maar die vrede van God haal my daarúít. Dit is daardie wonderlike wete om te weet my saak het God met Hom reggemaak. Ek kan in vrede lewe, so kan ek in vrede ook sterwe. Om God bo die geskiedenis, bo die natuur, bo my lewensgeskiedenis, maar ook bó die wêreldgeskiedenis te stel, is die grootste geskenk van vrede wat daar kan wees. Om te weet God is lief vir my, soos ek Hom nie kan liefhê nie.

Dan word hierdie vrede ook iets besonder in wat hier op aarde gebeur. Daar is vrede tussen pmense, waar ons eintlik die teendeel so baie moet hoor en moet deurgaan. Die wêreld is alles behalwe ’n plek waar vrede heers. Inteendeel die vrede wat die wêreld wil bied is alles behalwe blywend en daar kom al minder daarvan. Hoe lyk dit hier bo in Afrika, in talle ander wêrelddele, die Midde-Ooste kook, Sirië, die Oekraïne, dit word al moeiliker om te dink die politiek en leiers en allerhande verdrae tussen lande en hulle leiers gaan waarlik ’n vrede bewerk. Die vrede van die wêreldling is so ’n valse vrede... die geskiedenis en die natuur wys al minder die ware vrede.

Die lig wat hier oor ons skyn wat ons voetstappe van vrede rig kan niks mee vergelyk nie. Dit is waarlik die enigste blywende volmaakte vrede waarmee ons oploop kan gaan. Moet nie

daarbinne wil gaan sit nie, dra die vrede van Christus uit, die vrede wat Hy oor ons wil bring, Want broeder en suster, vrede tussen u en God, vrede tussen u en ander mense, het waarlik te doen met die volle sirkel van ek moet met myself ook vrede kan maak. As ek tot myself moet kom, ek voel diep in die bosse ingedruk, daar waar dit donker is, so verdwaal en ek kry nie die pad daarúít nie, geliefdes hierdie gevoel van pad verloor in ’n donker bos, het wel ’n pad daarúít deur te let op die werklike plan wat God ook vir jou het. Ek met my eie geaardheid, my gawes, my mens-wees waar daar niemand is soos jy nie, nooit sal daar weer so een wees nie, dit sê baie van die Een wat jou gemaak het. Dan besef ons dat ons verby ons gebrokenheid en moeilikhede kan kom deurdat die skaduwees en die dood nie meer oor my heers nie. Ek moet nie meer daarin sit nie. Rig jou voete ter wille van jouself ook na die pad van vrede. Dan ontvang jyself die vrede. Dan word dit al die begin van die ewige lewe, wat niemand van my kan wegneem nie.

AMEN